BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE WISSELVALLIG



**Die meeste internasionale markte het in Mei teruggesak danksy 'n krisis in Italië (die derde grootste ekonomie in die Eurosone), wat veral teen die einde van die maand vir groot skommelings gesorg het.** Vrese dat 'n verkiesing gehou sal word wat as 'n referendum vir Italië se toekoms in die Europese Unie beskou sal word, het beleggers onrustig gemaak. Kommer oor handelsverhoudinge het ook tot die wisselvalligheid bygedra nadat Amerikaanse President Donald Trump tariewe op ingevoerde staal en aluminium vanaf die Europese Unie (EU), Kanada en Mexiko aangekondig het. China het Amerika gekritiseer vir nuwe dreigemente van tariewe op produkte van daardie land en het soos die EU bekend gemaak dat hulle ook tariewe op Amerikaanse produkte gaan instel. Dit het internasionale spanning verhoog en markte negatief beïnvloed.

**Amerikaanse markte het ondanks die spanning nie te sleg gevaar nie en die Dow Jones Nywerheidsindeks het Mei 1.05% hoër as in April afgesluit (-1.23% jaar tot datum).** Die S&P 500 het vir die maand met 2.16% (+1.18% jaar tot datum) gestyg en die Nasdaq was 5.32% hoër teenoor April (jaar tot datum +7.8%). Verbruikersvertroue het in Mei gestyg en daar is bekend gemaak dat die Amerikaanse ekonomie in die eerste kwartaal met 2.2% gegroei het.

**Die meeste Europese markte het swakker gesluit.** Die Dax in Duitsland was 0.06% laer teenoor April (-2.42% jaar tot datum) en die CAC in Frankryk het maand op maand met 2.11% gedaal (+1.62% jaar tot datum). In die VK het die FTSE 100 maand op maand met 2.25% gestyg maar dié indeks is vir die jaar tot datum 0.12% laer as verlede jaar.

**In Asië het die Nikkei 225 in Japan Mei 1.18% laer afgesluit (-2.47% jaar tot datum) en is veral geraak deur 'n stewiger yen en nuus dat die ekonomie van Japan in die eerste kwartaal van die jaar verswak het – die eerste swakker syfer in agt agtereenvolgende kwartale van positiewe groeisyfers.** In China het die Hang Seng Indeks in Hong Kong maand op maand met 1.10% gedaal (+1.84% jaar tot datum).

## SA QUO VADIS?

**BESPREKINGS NOU OOP VIR DIE JAARLIKSE SUID-AFRIKA QUO VADIS? SEMINAARREEKS**

Die werklikhede van die uitdagings wat President Cyril Ramaphosa se planne kan ontspoor word al duideliker. Voortslepende en dikwels gewelddadige protesaksie, stakings, swak ekonomiese groei en die kwessie van grondonteiening sonder vergoeding voorspel niks goeds vir die volgende jaar nie. Wat beteken dit vir beleggers? Bespreek nou vir die 2018 seminaarreeks en kom luister na die insigte van beleggingskenners.

Die paneel sluit in **Magnus Heystek**, Beleggingstrateeg en Direkteur van Brenthurst, **Ralph Mathekga**, politieke ontleder en skrywer van 'When Zuma Goes' (2016), **Glyn Owen**, Beleggingsdirekteur van Momentum Global Investment Management, **Magda Wierzycka**, Uitvoerende Hoof van Sygnia, **Jean-Pierre Verster,** Aandeelportefeuljebestuurder by Fairtree Capital en **Ryk van Niekerk,** Redakteur van Moneyweb.

**Die datums is 18 Junie Pretoria, 19 Junie Johannesburg en 21 Junie Kaapstad.** Brenthurst kliënte kan gratis bywoon. **OM TE BESPREEK KLIK HIER: https://bit.ly/2g6Vluv.**



*Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833*

# PLAASLIKE MARKTE- JSE SAK TERUG IN MEI



**Verskeie internasionale markte het geen watwonderse maand in Mei beleef nie danksy 'n politieke krisis in Italië wat sentiment negatief gedryf het.** Die JSE was geen uitsondering nie en die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het die maand 3.6% laer as in April afgsluit (5.6% laer jaar tot datum). Finansiële aandele was veral onder druk en die FINI-15 het vir die maand met 6.9% gedaal (-7.1% jaar tot datum), terwyl nywerheidsaandele die maand 5.1% laer gesluit het (-8.9% jaar tot datum). Stewiger kommoditeitspryse het die Resi-10 'n hupstoot gegee en dit het die maand 4.5% hoër afgesluit (hierdie indeks staan op 'n indrukwekkende +9.1% vir die jaar tot datum). Hoewel markswaargewigte soos BHP Billiton en Glencore goeie vertonings gehad het, het nywerheidsaandele soos British American Tobacco, Richemont en Naspers laer gesluit.

**Die houermaatskappy van Cash Paymaster Services, Net 1 UEPS Technologies, was die beste vertoner vir die maand en het 27.7% hoër gesluit.** Hotel en casino maatskappy Sun International het die tweede beste gevaar en met 23.9% gestyg tenoor April. Konstruksiegroep Murray & Roberts was in die derde plek met 'n styging van 16.8% vir die maand.

**Niveus Investment het Steinhoff International Holdings (Steinhoff) van die top posisie op die lys van die swakste vertoners gedruk na dié aandeelprys met 57.2% teenoor April gedaal het.** Steinhoff was in die tweede plek met 'n verdere daling van 41.7% vir die maand en verhandel nou op die laagste vlakke ooit. Die maatskappy se aandeelprys het skerp gedaal sedert dit verlede jaar bekend geword het dat verskeie finansiële en rekeningkundige ongerymdhede laat verlede jaar aan die lig gekom het. Kleinhandelaars Massmart Holdings en Lewis was gesamentlik in die derde plek met dalings van 28.9% vir die maand. Massmart se aandeelprys was onder druk ná die maatskappy bekend gemaak het dat sy volgende finansiële syfers laer gaan wees.

**Lewis Group, Clover en Murray & Roberts is vir die tweede agtereenvolgende maand die drie beste vertoners vir die jaar tot datum.** Murray & Roberts is nou bo-aan hierdie lys op +50.1% jaar tot datum.

Die aandeelprys van Steinhoff het in Mei 'n nuwe laagtepunt bereik en die aandeel is nou bo-aan die lys van die swakste vertoners vir die jaar tot datum op -75.9%. In die tweede plek is Fortress Real Estate Investment Trust (REIT) -B- wat jaar tot datum 64.9% laer is as verlede jaar en Niveus is in die derde plek op -60.6%.

**Aan die politieke front het President Cyril Ramaphosa verlede maand sy eerste 100 dae as President voltooi**. Verskeie politieke waarnemers meen hy het sover goed gevaar om sake in Suid-Afrika te verander ná die rampsoedige termyn van Jacob Zuma. Hoewel die sogenaamde Ramaphoria beleggers se vertroue verbeter het, is kommentators dit eens dat daar nog baie werk gedoen moet word om ekonomiese groei te laat herstel. Hoewel die rand maand op maand met 1.9% verswak het (-2.6% jaar tot datum), danksy 'n sterk vertoning van die dollar, het die geldeenheid teen die einde van die maand effens herstel toe die dollar onder druk gekom het.


**Wat ekonomiese data betref, April se verbruikersprysinflasie (VPI) het tot 4.5% jaar op jaar gestyg na die laagtepunt vir verskeie jare van 3.8% wat in Maart bekend gemaak is.** Maand op maand het VPI met 0.8% gestyg. Die grootste bydraes tot die styging was danksy hoër pryse vir alkohol, tabakprodukte en brandstof. Die hoër BTW koers wat in April in werking gestel is het ook tot die opwaartse momentum bygedra. Kredietverlening in die private sektor het in April tot 5.1% gedaal. Die SA Reserwevank se Monetêre Beleidskomitee het by sy vergadering van Mei besluit om die rentekoers onveranderd te hou.

**Die prys van brandstof styg met 5.5% in Junie, wat die petrolprys tot 'n nuwe hoogtepunt neem en gaan verdere druk op vebruikers plaas.** Ontleders verwag dat die druk op verbruikers gaan toeneem aangesien die rand toenemend onder druk gaan kom weens monetêre beleidsveranderings deur sentrale banke wêreldwyd en ook danksy voorturende internasionale politieke spanning.

**Die motorbedryf het nog 'n goeie maand beleef en die verkope van bakkies en motors het toegeneem.** Volgens syfers wat deur die Nasionale Verenining van Voertuigvervaardigers van SA (Naamsa) bekend gemaak is het die verkope van nuwe voertuie jaar op jaar met 2.4% gestyg. Nadere ondersoek na die syfers toon wel dat verkope vir die eerste vyf maande van 2018 1.6% laer is as die ooreenstemmende tydperk verlede jaar, aldus 'n berig van Wheels24.

*Bronne: Anchor I Capital I Fin24 I Business Day I Wheels24 I Investec*

## ➲ BATEKLASPRESTASIE VAN AFGELOPE DRIE JAAR




AS 'n GEREELDE LESER VAN DIE BRENTHURST MARKVERSLAE, SAL JY VERTROUD WEES MET DIE WISSELVALLIGHEID WAT AAN DIE ORDE VAN DIE DAG IS.

HIERDIE GRAFIEK WYS WAT DIT VIR VERSKILLENDE BATEKLASSE BETEKEN HET.

# BRENTHURST WEALTH BREI UIT

## ➲ BRENTHURST NUWE KANTOOR IN NUWELAND, WES-KAAP

**Ons bedrywighede in die Wes-Kaap het die afgelope jaar stewig gegroei en ons kondig met trots aan dat ons 'n nuwe satellietkantoor in daardie provinsie oopgemaak het. Ons het 'n kantoor in NUWELAND by ons taknetwerk gevoeg. Daarbenewens het ons die De Waterkant kantoor ontgroei en besluit om ons kantoor in Belville groter te maak om die De Waterkant-span te akkommodeer.**

**NUWELAND ADRES:**
**Grondvloer I Slade House I Boundary Terraces I 1 Mariendahllaan I Nuweland I Kaapstad**

## ➲ BRENTHURST NUWE KANTOOR MAURITIUS

**Ander opwindende nuus is dat ons 'n kantoor in MAURITIUS oopgemaak het. Dié kantoor word bestuur deur Gavin Butchart, Finansiële Direkteur. Gavin se verantwoordelikhede is onveranderd en hy is steeds beskikbaar op gavinb@brenthurstwealth.co.za. Hy besoek die Fourways kantoor elke maand om met kliënte te ontmoet.**




**MAURITIUS ADRES:**
**Blok 17 I Uniciti Kantoorpark I Riviere Noire Weg I Uniciti I Mauritius**



